

21 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-23

Trek die wapenrusting van God aan!

Gelowiges moenie die onsigbare magte – wat eintlik teen God en Christus in opstand is – onderskat of oorskat nie. Christus het hulle oorwin, maar hulle is nou soos 'n erg gewonde dier besig om te kyk hoe hulle die kerk kan verskeur en verdeel en die individuele gelowige van God en van ander kan losskeur.

Daarom moet die gelowiges hulle krag by die Here soek. Die krag wat Hy gee, is dieselfde krag as waarmee Christus die doodsmagte oorwin het. Die stryd is teen bo-aardse bese magte wat slinks en strategies te werk gaan. Soos 'n roofdier op 'n swak en siek prooi toesak, sak hulle toe op elkeen wat nie innerlik sterk is nie en gewond is deur teleurstellings of hartseer. Dit is 'n stoeigeveg waar die bese mag ons diepste binnekant probeer bykom en ons gedagtes, begeertes en wilsbesluite wil beïnvloed.

Nou moet ons egter die wapenrusting aantrek wat God vir ons gee. Ons moet die waarheid as gordel vasmaak dat ons beweeglik teen die bese magte is. Die vryspraak wat ons reeds in Christus het, beskerm ons hart en diepste innerlike lewe. Die bereidheid vir die evangelie is soos skoene wat ons vas laat staan teen versoekinge. Die geloof is die groot skild wat ons beskerm en die verlossing in Christus beskerm ons ewige lewe. Ons aanvalswaapen is die Woord van die Here, die vlymskerp swaard wat die bese magte verdere wonde toedien. Die gebed is die energiebron van die gelowige en deur te bid, is hy/sy in staat om hierdie wapens te gebruik.

Trek jy nou hierdie wapens aan en neem deel aan die oorwinning wat Christus reeds behaal het.

Sing: Psalm 68:1, 9

Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool Potchefstroom)